Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Fokus op Leon Martin

Nelspruit area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Leon Martin by
Sel: 071 400 7578 E-pos: leon@laeveld.co.za

Leon Martin het in Piet Retief grootgeword. Sy familie is betrokke in die bosboubedryf en dit is waar sy passie vir landbou ontwikkel het. Hy het van jongs of plante versamel en as buitelugmens van visvang en jag gehou.

Nadat hy sy diploma in tuinboukunde in Pretoria verwerf het, het hy na Nelspruit verhuis om vir die volgende 12 jaar vir die Montana-kwekery en sitrusboerdery te werk. Hy het onder andere sitrusbome gekweek en met uitvoersitrus geboer.

Daarna het hy ondervinding opgedoen by Timbali Technology Incubator, waar hy met snyblomme geboer het en ook die babagroente- en kruie-afdeling op die been gebring het, wat tot 120ha gegroei het. Die res van sy loopbaan sluit in ‘n pos as area-verkoopsbestuurder by Syngenta in die Laeveld en Swaziland-gebied, met ondervinding in subtropiese gewasse, veral makadamia. ‘n Hoogtepunt was in 2015, toe Leon by die Internasionale Makadamia Simposium op ‘n paneel van kenners gedien het.

Leon is baie opgewonde om as agent by Laeveld Agrochem aan te sluit, en is seker hy sal ‘n verskil kan mask by die boerderye aangesien hy ook ‘n uitsetgedrewe benadering het met die fokus op presisieboerdery.

Leon sê : “Met die presisieboerdery-inisiatief en dienste van Laeveld Agrochem (genoem Decision Farming™), tesame met die wye reeks produkte wat ons het, sal sukses die enigste pad vorentoe wees.”